# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**AUGUSTUS 2019**

**PROEF EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit <u>*6*</u> bladsye.**

**INLIGTING EN INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste. | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 80 minute
   Afdeling B: 40 minute
   Afdeling C: 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**

1.1 Hoe sal die vierde Industriële Revolusie Suid-Afrika beïnvloed? **[50]**

1.2 Almal verdien 'n tweede kans. **[50]**

1.3 'n Dag sonder my selfoon ... **[50]**

1.4 Dít is wat ek sal onthou van my hoërskool loopbaan. **[50]**

1.5 My toekomsplanne. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



**[50]**

1.6.2



**[50]**

1.6.3



**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.

**2.1 INFORMELE BRIEF**

Jy weet glad nie wat jy volgende jaar na matriek gaan doen nie. Jou beste maat wat in Kaapstad woon, se planne is egter almal agtermekaar.

Skryf nou 'n INFORMELE BRIEF aan hierdie maat en vra sy/haar raad oor wat jy moet of kan doen. **[30]**

**2.2 RESENSIE**

Jy was onlangs by 'n musiekkonsert van jou gunsteling sanger/sanggroep.

Skryf nou 'n RESENSIE oor hierdie vertoning **[30]**

**2.3 INFORMELE TOESPRAAK**

Jou skool hou 'n spesiale saalbyeenkoms om afskeid van die matrieks te neem. Jy is gevra om 'n informele toespraak te lewer.

Skryf nou hierdie TOESPRAAK neer. **[30]**

**2.4 HULDEBLYK**

Dit is jou oupa se tagtigste verjaardag. Jou familie hou vir hom 'n groot partytjie. Jy moet namens die familie 'n huldeblyk aan jou oupa lewer.
**LET WEL:** Oupa lewe nog.

Skryf die HULDEBLYK. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.

**3.1 PLAKKAAT**

Jou hond het babatjies gehad en jy wil die babahondjies verkoop.

Ontwerp 'n PLAKKAAT waarop al die nodige inligting verskyn om hierdie babahondjies te adverteer. **[20]**

**3.2 WENKE**

Jou beste maat het nie baie goeie studiemetodes nie. Hy/sy vra jou raad.


Skryf SEWE WENKE neer wat hom/haar sal help met die eksamens. **[20]**

**3.3 POSKAART**

Jy het saam met die skool op 'n kulturele toer na Rusland toe gegaan.

Jy stuur 'n poskaart aan jou ouers om vir hulle te vertel van die Russe se kultuur en die aktiwiteite waaraan julle deelgeneem het.

Teken die POSKAART hieronder oor in jou ANTWOORDBOEK en voltooi dit.




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20 PUNTE**
**SOMTOTAAL : 100 PUNTE**